
# GELOOF FAITH

## In Die Woord In The Word



**Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17**



**POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411**

**WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com**


# Goddelike Genesing Vervul in Profesie

## - DEEL 1 -

### CHRISTUS GENEES OMDAT GODDELIKE GENESING IN DIE VERBOND IS

Jesaja, die profeet, het vooruit gekyk na die Messias en verklaar: **"Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was" (Jes. 53:4).** Die Gees van God het die profesie op 'n duidelike manier in Matt. 8 verklaar. Jesus het net Petrus se skoonmoeder genees, toe dit aand geword het en 'n groot menigte hul siekes gebring het om bevry te word; Jesus het hulle genees om die rede wat in die volgende vers gegee word:

**"En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra ". (Matt.8:16-17).**

Ons sien dus duidelik dat Christus genees het omdat Hy die siektes en kwale van die menslike ras aan die kruis gedra het. Hierdie is nie 'n menslike interpretasie nie(as dit oorweeg kon word as iemand anders as die Heilige Gees die gedeelte in Jesaja geïnterpreteer het), maar dit is gegee deur niemand anders as God Self nie. Die volgende vers in Jesaja dra buitendien dieselfde gedagte oor wanneer dit verklaar: **"Deur Sy wonde is ons genees ".**

Dit is daarom duidelik dat goddelike genesing in die versoening van Christus is en word deel van die Christen se erfenis net soveel as vergifnis van sonde. Dit is om hierdie rede dat Jesus van genesing kon praat as die **"kinders se brood ".** Terloops, elke seën wat die kind van God ontvang, kom deur die verbond en gehoorsaamheid aan God se Woord.

### CHRISTUS SE GENESING 'N VERVULLING VAN PROFESIE

Ons het gesien dat Christus se genesing van die siekes 'n vervulling van Jes. 53 is, waarin Hy ons krankhede en **siektes** op Homself geneem het. Daar is ander Skrifte wat wys dat Christus se genesing van die siekes 'n vervulling van profesie is. Onder hierdie is die woorde van Jesus in **Luk.4:18-19:**

**"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."**

Dit is veelseggend dat Jesus in Sy preek na Naaman die Siriër verwys het, wat genesing ontvang het, terwyl die melaatses van Israel van daardie tyd aan hul melaatsheid gesterf

*(Vervolg op Bl. 2)*

*(Vervolg vanaf Bl. 1 - Goddelike genesing…. )*

het. Hy het ook van baie weduwees in Elia se tyd gepraat, maar na nie een van hulle is die profeet gestuur nie, behalwe na 'n vrou van Sidon wat 'n Heiden was. Alhoewel Christus se bediening 'n vervulling van profesie was, kon dit niks bereik waar daar geen geloof was nie. So was dit in Nasaret. **"En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het" (Mark. 6:5).**

Nogtans, vir die wat glo is Jesus **"gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Heb. 13:8),** Hy bedien steeds Sy genesings krag vir die wat dit nodig het volgens die woorde van Jesaja se profesie wat ses-en-twintig eeue gelede geskryf is.

## CHRISTUS HET GENEES OM DIE SKRIF TIPE TE VERVUL

Jesus het gesê: **"En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh. 3:14-15).** Hier herken Jesus dat die koperslang wat Moses in die woestyn opgelig het 'n tipe van Homself was. Die kinders van Israel het die wet van God verbreek, dus het die giftige slange hulle gepik en baie was besig om te sterf. Op God se bevel het Moses die koperslang opgelig. Die belofte is bewaarheid en elkeen wat na die slang gekyk het is van die gif genees en het nie gesterf nie (Num. 21:5-9). Hierdie tipe van Christus, die koperslang, het die genesing van die kinders van Israel tot gevolg gehad. Sou dit nie snaaks gewees het as die **tipe** die mag gehad het om te genees en die Een waarna die **tipe** vooruit gekyk het wat Christus was, nie die mag gehad het of nie gekies het om daardie mag te gebruik om Sy mense te genees nie?

Let ook op die tipes in Lev. 14 en 15 waar **siekte** genees is deur die verbond; dit is, sekere offers is gemaak in verband met die reiniging en genesing van siekte. Dus het Christus, omdat Hy die vervulling van hierdie **tipes** was, die siek persoon nie net van sy sondes gereinig nie, maar ook van sy siekte, as gevolg van Sy offer en verbond.

## JESUS HET GENEES OM SY SENDING TE BEWYS

Christus het Sy sending aan die Jode openbaar, dat Hy hul Messias was, selfs die Seun van God(Joh. 10:36). Maar baie mense was stadig om Sy aansprake te aanvaar. Daarom het Jesus gesê: **"As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet julle My nie glo nie."** Toe het Hy bygevoeg,

**"Maar as Ek dit doen, al glo julle My nie, glo die werke, dat julle kan erken en glo dat die Vader in My is, en Ek in Hom." (Joh. 10:37-38).** Dit was die wonderwerke wat Jesus gedoen het wat Nikodemus, 'n heerser van die Jode, oortuig het dat God met Hom was(Joh. 3:2). Dit was die genesing van sy seun wat veroorsaak het dat die amptenaar geglo het(Joh. 4:53). Die blinde man, nadat hy sy sig ontvang het, was baie gou oortuig toe Jesus vir hom gesê het dat Hy die Seun van God was(Joh. 9:35-38).

Die weduwee van Sarfat was oortuig dat Elia 'n ware man van God was toe hy haar kind weer lewendig gemaak het (I Konings 17:24). In die Groot Opdrag was die genesing van die siekes, asook die manifestasie van ander belangrike tekens, beskou as een van die bewyse aan die wêreld van die identiteit van die ware gelowiges (Mark. 16:17-18).

Sommige mense glo dat Jesus die wonderwerke gedoen het om net aan die generasie van Sy tyd te bewys dat Hy die Seun van God was, en dat die bewys nie meer nodig is nie. Is dit egter nie vandag 'n feit dat daar baie miljoene meer ongelowiges is as in die tyd van Christus nie? Ongelukkig moet ons besef dat die lelike sonde van ongeloof saam met die verwerping van die inspirasie van die Skrifte kop uitgesteek het, meer as ooit te vore in die geskiedenis. Hele nasies het God vergeet. Die behoefte aan die krag van die bo-natuurlike om Christus se bewerings te bewys is sekerlik vandag net so groot as ooit tevore.

Toe Sy voorloper, Johannes die Doper, getwyfel het aangaande die sending van Christus, het hy boodskappers na Hom gestuur en gevra: **"Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?"**

Hoe het die Here die vraag beantwoord? Het Hy aan Johannes 'n reeks argumente teruggestuur waarom Hy die Messias moes wees? Nee. Hy het net vir die boodskappers gesê om in Sy teenwoordigheid te bly terwyl Hy die siekes bedien het.

**"En in dieselfde uur het Hy baie**

*(Vervolg op Bl. 3)*

*(Vervolg vanaf Bl. 2 - Goddelike genesing…)*

**mense genees van siektes en kwale en bose geeste, en aan baie blindes die gesig geskenk" (Luk. 7:21).**

Toe nadat die genesings sessie verby was, het Hy vir die boodskappers gesê:

**"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie" (Luk. 7:22-23).**

Elke genesing wat plaasvind is nog 'n verdere bewys dat Jesus die Seun van God met krag is.

## CHRISTUS GENEES OMDAT HY DIESELFDE IS, GISTER, VANDAG EN TOT IN EWIGHEID

**"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Heb. 13:8).**

Mense verander; dinge verander; omstandighede verander; maar die ewige God verander nie. Sy krag het nie afgeneem nie. As God die siekes gister genees het, kan en sal Hy dit vandag doen en solank as daar siekes is wat die eenvoudige voorwaardes nakom van geloof en gehoorsaamheid sal Hy dit doen.

Twee is nodig om 'n verbond te maak. Die mens kan dit verbreek, maar nie God nie. God het die mense van Jesaja se dae aangekla dat hulle die ordonnansies verander het en die ewigdurende verbond verbreek het. Hieroor het 'n vloek op hulle gekom.

**"Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor" (Jes. 24:5-6).**

Later in die dae van Maleagi toe God van die vloek gepraat het wat oor die mense gekom het omdat hulle nie hul tiendes en offers gegee het nie, het Hy verklaar dat dit hulle was wat verander het, nie Hy nie. **"Want Ek, die HERE, het nie verander nie" (Mal. 3:6).** Jesus het gesê: **"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie" (Luk. 21:33).**

Kan ongeloof wegdoen met die belofte? Paulus vra die vraag: **"Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig? " (Rom. 3:3)** Die antwoord wat hy gegee het was: **"Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig" (Verse 4).**

Dit is waar dat die mens deur sy tradisie die Woord van God kragteloos kan maak (Matt. 15:6), maar net vir homself. Hy kan nie God se Woord of God se belofte verander nie. Hulle is steeds van krag vir die wat glo. **Ons kan onsself van die seën afsny, maar ons kan nie die belofte verander nie.** Die Jode het nie geglo dat die blinde man genees was nie. Dit het egter nie die feit verander dat hy sy sig ontvang het nie (Joh. 9:1-25).

Die Sadduseërs het nie in die bo-natuurlike en in wonderwerke geglo nie en ook nie in die opstanding nie, maar dit het nie verhinder dat Christus uit die dood opgestaan het nie.

Daar is die wat glo in die wonderwerke van die verlede, maar nie van vandag nie. Nietemin kon Gideon nie glo in 'n godsdiens wat goed was vir die verlede, maar nie vir vandag nie. Toe die engel vir hom gesê het: **"Die HERE is met jou, dapper held!"**

Het Gideon geprotesteer en gesê:

**"Ag, my heer, as die HERE met ons is, waarom het al hierdie dinge ons dan oorgekom? En waar is al Sy wonders waar ons vaders ons van vertel het, deur te sê: Het die HERE ons nie uit Egipte laat optrek nie? Maar nou het die HERE ons verwerp en ons oorgegee in die hand van die Midianiete" (Rigters 6:13).**

Gideon was nie tevrede met God se wonderwerke van die verlede nie. Hy wou weet waarom daar geen wonderwerke in sy dae is nie. Die Fariseërs het in God se krag van lank gelede geglo, maar geweier om die wonderwerke van hulle dag te aanvaar. Netso is daar die wat in die wonderwerke van die dae van die apostels glo, maar nie in die wonderwerke van vandag nie. Maar soos dit lank gelede geskryf is, God is nie die GROOT EK WAS nie; Hy is "DIE GROOT EK IS". Sy Woord verander nooit. Hy is vandag nog dieselfde.

(Deel 2 vervolg volgende maand)

# JESUS IS ALIVE

**Glory to God in the Highest, and on earth peace, goodwill toward men (Luke 2:10,11,14)**

**"And with great power gave the apostles witness of the resurrection of the Lord Jesus." (Acts 4:33).**

For many years I had the idea that Jesus' main charge to His disciples after His resurrection, was only to go out and "Preach the Gospel."

Then, a few years ago, while reading the Acts of the Apostles more carefully, I was surprised to find that that was only part of what the disciples were to do.

They were to be competent and living WITNESSES to the truth – **that Jesus had actually risen from the dead and that He was very much ALIVE.**

Peter made this clear when he called for a choice among the disciples for one to take the place of Judas who had betrayed Christ, then hanged himself.

**"Wherefore of these men which have companied with us all the time that the Lord Jesus went in and out among us, "Beginning from the baptism of John, unto that same day that He was taken up from us, must one be ordained to be a WITNESS WITH US OF HIS RESURRECTION." (Acts 1:21-22).**

Why must the new apostle be one that had accompanied them from the beginning of John's baptism until the day that Jesus ascended into Heaven?

So that there would be no doubt in their minds and in the minds of those to whom they gave their testimony, that they knew Jesus well enough to KNOW that the One with whom they had walked three and one -half years was the same Jesus who, after His resurrection, had talked to them, ate with them, and then was taken up from them as they stood and watched Him ascend into Heaven.

In a court of law, a competent witness is one who testifies to what he KNOWS – what he has SEEN and HEARD. He is not permitted to delve into theory or conjecture or tell what somebody else told him. That is irrelevant or hearsay evidence and is excluded.

The early disciples were "good and competent witnesses" that Jesus was alive, that He had risen from the grave, that He had ascended into Heaven.

**"But Peter and John answered and said unto them, Whether it be right in the sight of God to hearken unto you more than unto God, judge ye, "For we cannot but speak the things which we have seen and heard." (Acts 4: 19-20).**

**"And with great power gave the apostles witness of the resurrection of the Lord Jesus: and great grace was upon them all." (Acts 4:33).**

Paul, likewise, realized that his mission was not only to preach "sermons", but to be a competent witness to the fact that Jesus had risen, had appeared to him, and that He was ALIVE, rather than dead, as the Jews contended.

Festus, into whose custody Paul was given, said regarding the Jews' controversy with Paul,

**"Against whom when the accusers stood up, they brought none accusation of such things as I supposed:"But had certain questions against him of their own superstition, and of one Jesus, which was dead, whom Paul affirmed to be alive." (Acts 25:18-19).**

Jesus, when He struck Paul down on the Damascus Road, specifically charged Paul with his role as a witness:

**"I am Jesus whom thou persecutes. But rise, and stand up on thy feet: for I have appeared unto thee for this purpose, to make thee a minister and a witness both of these things which thou hast seen, and of those things in the which I will appear unto thee:**

**"Delivering thee from the people, and from the Gentiles, unto whom now I send thee,**

**"To open their eyes and to turn them from darkness to light, and from the power of Satan unto God, that they may receive forgiveness of sins, and inheritance among them which are sanctified by faith that is in me." (Acts 26:15-18).**

To Paul, the truth and witness that Jesus rose from the dead was central and vital to the Christian faith.

**"For I delivered unto you first of all that which I also received, how that Christ died for our sins according to the scriptures:"And that He was seen of Cephas, then of the twelve:"After that, He was seen of above five hundred brethren at once of whom the greater part remains until this present, but some are fallen asleep."After that, He was seen of James; then of all the apostles. 'And last of all He was seen of me also, as of one born out of due time." (1 Cor. 15:17).**

To many church members, Christ is a dim, historical figure of the past. They "believe in Him" in the same way as they believe in George Washington or Abraham Lincoln. They believe He lived 19 centuries ago, that He was a Prophet, a Good

*(Continued on page 5)*

*(Continued from page 4 - Forget not all His Benefits)*

Man, a Great Teacher, Yes, even the Son of God.

But He is to them merely as One about whom they have read and heard. They have never met Him personally. And they are not competent witnesses to convince anyone that He is Alive today.

Can you testify as a competent witness that Jesus Christ IS ALIVE TODAY?

What basis do you have for your statement that He lives? What evidence or proof, such as would be competent evidence or testimony, acceptable in a court of law?

You might say. "I believe Christ is alive, because the Bible says so."

But millions in today's scoffing world do not believe the Bible, so that "hearsay" evidence does not move them.

You may say, "I believe Jesus is alive, because I have accepted Him as my Saviour, and I have become a Christian."

The unbelievers of today would probably jeer: "That is only your own mistaken thinking. You THINK He is alive. You Think you are "saved" and going to Heaven when you die. But you have only fooled yourself."

Then what would be good evidence that Jesus is alive today, if people will not believe the Bible or believe what I say?

You will have to be able to testify to them something you KNOW, something you have EXPERIENCED, and something OUTSIDE OF THE NATURAL.

You will have to be able to testify, of your own personal knowledge, of something of the SUPERNATURAL, works and power of God, to be a competent witness that Jesus is actually living today.

How can that be done?

1. If you can show them Exhibit A, either in yourself or someone else, a miraculous change in character, conversation, motive, love, life; that is good, competent evidence.

If you can show them a drunkard, a cursing, lying libertine, changed in a few seconds or a few weeks into a chaste and loving servant of Jesus, you have a testimony that is competent in any "court".

2. If you can show them Exhibit B, either in yourself or someone you know personally about, the miraculous healing of a desperately sick body, without the aid of means or men, by the Power of Jesus Christ, His Blood, and His Name, then you have evidence that Jesus is alive, and is still healing the sick as He did in Galilee.

3. If you have received the Holy Ghost and speak in other tongues or a new language as the Spirit gives utterance, then you have some "Bible Evidence" that Jesus is alive and is still Baptizing believers in the Holy Spirit today.

An argument, a theory, a doctrine, will not stand up against an experience, a "know-so" testimony.

What kind of a witness are you? What evidence do you have to show that Jesus is Alive today?

**"...Jesus needs more than "preachers" today. He is looking for witnesses, competent witnesses, whose first-hand personal testimony will prove to a decadent and dying generation that He is Alive today, as eager and able to Save, Heal, and Baptize with the Holy Ghost, as He was in the first century in Galilee..."**

Many in the churches today do not even KNOW that they are saved, born-again, Christians.

Ask one if he is a Christian and He will say, "I'm trying to be."

Ask another if he is saved and he will reply, "I hope so."

Ask a third if he is born again and he will say, "Well, I belong to the ---------- Church."

Ask another if his name is written in the Lamb's Book of Life, and he will say, "I was confirmed in the ---------- Church."

There was no "hope-So" or "may-be-so" or "trying-to-be" in Paul's Christian experience. He said:

**"I KNOW whom I have believed, and am persuaded that he is able to keep that which I have committed unto Him against that day." (11 Tim. 1:12).**

**"And my speech and my preaching was not with enticing words of man's wisdom, but in demonstration of the Spirit and power." (1 Cor. 2:4).**

**"We KNOW that we have passed from death unto life, because he hath given us of his Spirit." (1 John 4:13).**

Jesus needs more than "preachers" today. He is looking for witnesses, competent witnesses, whose first-hand personal testimony will prove to a decadent and dying generation that He is Alive today, as eager and able to Save, Heal, and Baptize with the Holy Ghost, as He was in the first century in Galilee.

For He is and will always be, "**Jesus Christ the same yesterday, and today, and forever." (Heb. 13:8).**

What PROOF do you have that Jesus Christ is Alive Today?

**"But you shall receive power, after that the Holy Ghost is come upon you, and ye shall be witnesses unto Me." (Acts 1:8) ●**

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

# DUBBEL VIR JOU MOEILIKHEID!

**Sag.9:12: Keer terug na die vesting, o hoopvolle gevangenes! Ook kondig Ek vandag aan dat Ek jou dubbel sal vergoed.**

In Engels kry ons die uitdrukking: "As die lewe suurlemoene na jou gooi, maak lemonade!" Wel ek wil vir jou sê, wanneer die duiwel suurlemoene na jou gooi, sal God Self lemonade vir jou maak! Want God sê tog dat Hy alle dinge vir ons ten goede laat meewerk (Rom. 8:28).

En Hy doen dit met styl – Hy herstel dubbel vir jou moeilikheid! Geliefde, as jy 'n man of vrou deur egskeiding verloor het, of 'n kosbare kind deur die dood, kan God dubbel vir jou herstel, sodat jy opeindig met meer as tevore, indien nie in kwantiteit nie, dan in kwaliteit!

Dink aan Job in die Ou Testament. Toe hy alles verloor het, het sy vrou vir hom gesê om God te vloek en te sterf. Hy het geweier en met geloof teenoor God gereageer en "die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen " (Job 42: 10).

Toe Dawid die seun wat hy by Batseba gehad het verloor het, het hy opgehou om te pleit en begin om God te aanbid, omdat hy op God se barmhartighede vertrou het. Later het God Dawid en Batseba met 'n ander seun geseën, genaamd Salomo, wat die wysste en rykste koning geword het wat die wêreld ooit gehad het

Vandag belowe God om jou dubbel vir jou moeilikheid te herstel – " Selfs vandag verklaar Ek dat Ek jou dubbel sal vergoed ". As Hy dit verklaar, sal Hy dit doen! So jy kan dus net hoop dat dinge selfs beter as tevore sal wees. Dit is waarom Hy jou in dieselfde vers " hoopvolle gevangenis" noem. My vriend, volgens die Bybel beteken hoop 'n verwagte vertroue van goeie dinge wat met jou gebeur!

Dus, wanneer probleme van die duiwel kom, moenie opgee en sê: "Dit is hopeloos!" Moenie bekommerd wees of kwaad word nie. Aanbid God soos Dawid gedoen het en sien die probleem as 'n geleentheid vir God om jou te seën met dubbel vir jou moeite! Amen! ●

# KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.



# UIT DR JAMES SE KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Hier is baie goeie nuus.....die Groter Een is in jou! (1 Joh. 4:4)

**1 Kor. 3:16: Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?** Onderskein en verstaan julle nie dat julle (die hele Kerk) die tempel (heiligdom) van God is nie, en dat die Gees van God permanent in julle woon – in julle tuis is nie? (gesamentlik as 'n kerk en ook in elke indiwidu.)

**1 Kor. 6:19-20: Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.**

**2 Kor. 6:14-16: Moenie in dieselfde jul trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watteer gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Belial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hule wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My volk wees.**

1 Joh. 4:4: **Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin omdat Hy wat injulle is, groter is as hy wat in die wêreld is,** (naamlik Satan).

Die Nuwe Testamant openbaar aan ons drie verhoudinge waarin God staan teenoor die mens: Eerstens: **God vir ons,** Tweedens: **God met ons**, Derdens: **God in ons.**

Om God vir ons te hê waarborg sukses. Die skrif sê in **Rom. 8:31: As God vir ons is, wie kan teen ons wees?** As God aan ons kant is – en dank God, Hy is – is ons seker van oorwinning! As God vir jou is, en jy weet Hy is, word jy heeltemal vreesloos in die lewe. Dit maak nie saak wat die omstandighede is nie, dit maak nie saak hoe donker die wolke is wat op die horison van jou lewe saampak nie, dit maak nie saak hoe hewig die storms oor jou woed nie.

Julle behoort aan God ... en het klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is. As jy met sekerheid weet dat God vir jou is, weet jy Hy is vir jou wat ookal die situasie is, en jy kan 'n kalmte versekerde oorwinning verwag. Daar kan geen neerlaag wees as die Groot Onsienlike Een nie net vir jou is nie, maar ook met jou is. En dank God, Hy is met ons. Jy kan bewus wees van die nabyheid van jou Here en God elke plek waar jy gaan. Daardie feit is opgeteken in God se Woord en dit is nie afhanklik van omstandighede nie.

*(Vervolg vanaf Bl 6 - Uit Dr James...)*

Jesus belowe,**" En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" Matt. 28:20.**

Dit is daar vir jou geetslike versterking en versekering. Die derde realiteit is dat God nie net vir ons en met ons is nie, maar God maak Sy woning IN ONS LIGGAME! Lees weer die tekste wat ek genoem het: as dit nie in God se Woord geskrywe was nie sou ons ons so-iets nie kon voorstel nie! Maar, ongelukkig, is net 'n paar van ons bewus daarvan dat God in ons liggame is. Gedurig hoor ons Christene – geesvervulde manne krag en vermoë en wat hulle nie kan doen nie.

As jy weet Hy is vir jou, Hy is met jou, en Hy is in jou, kan jy verstaan waarom Jesus gesê het: **Alle dinge is moontlik vir die een wat glo. (Mark. 9:23)** Want, die God by wie alle dinge moontlik is, woon in jou (die gelowige) om jou bevoeg en bekwaam te maak: **alle dinge is moontlik vir die een wat glo.**

As jy waarlik bewus is van die feit dat Hy nie net vir jou en met jou is nie, maar ook IN JOU, kan jy net nie negatief praat nie.

Jy kan nie praat van die gebrek aan vermoë nie want Hy is jou vermoë. Jy kan nie praat van die gebrek aan krag nie, want Hy is die kragstasie. Jy kan nie praat van wat jy nie kan doen nie, want Hy kan alles doen. Die grootste waarheid wat aan ons geopenbaar is in die Nuwe Testament is dat nadat **God die Vader ons herskep deur Sy Heilige Gees sodat ons nuwe skepsels is, maak Hy in ons liggame Sy Woning! Kor. 16:16: Ek sal IN HULLE WOON.**

Hy woon nie langer in 'n tempel of 'n gebou nie, ons liggaame het Sy tempel geword. Dit is een van die redes waarom ons nou...**"'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is" het. (Heb. 8:6.**

Onder die Ou Verbond was die teenwoordigheid van God versteke in die Allerheiligste. Dit was daarom dat elke manspersoon in Israel ten minste eenmaal 'n jaar homself moes aanmeld by die tempel in Jerusalem. Dit was waar God was – dit was God se Huis, Slegs die Hoë Prister mag in die Allerheiligste van die tempel in gegeaan het om met bloed-offers versoening te doen vir die volk se sondes – ander wat daar ingegaan het, het dadelik dood neergeval.

Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy gesê: **Dit is volbring.** (It is finished) wat was volbring, klaar? **Die Ou Verbond.** Die Bybel beskryf dat nadat Jesus hierdie woorde gesê het, Hy die gees gegee het, en die voorhandsel (gordyn van 40 vt breed, 20 vt hoog, 4 dm dik) in die tempel, in twee geskeur het, van bo na onder. Dit beteken dat 20 vt in die lug op 'n onsienlike wese, waarskynlik 'n engel, hierdie 4 dm dikke massa materiaal geneem het en dit middeldeur geskeu het. **En almal, almal, kon in die Allerheiligste in sien.** Toegang was nie langer beperk net tot die Hoë Prister nadat hy offerhandes gebring het nie. Hoekom dan? WANT GOD HET DAARVANDAAN WEGGETREK!

God woon nie langer in aardse Allerheiligstes nie – geboue en tempels nie. **Onder die Nuwe Verbond het ons liggame Sy tempel geword.** En dit is juis hier waar so baie van ons mense heeltemal 'n wanbegrip het van hierdie saak. Hulle word so gebreinspoel deur "godsdiens" dat hulle die geestelike seëninge van God skoon misloop! Dikwels noem mense nog die tempel of kerk van klip en sement "die huis van God." Onthou, die Kerk is die lidmate (mense) en die gebou met die toring is die gebou waain die Kerk vergader. Verstaan baie goed dat daardie gebou miskien aan God behoort omdat ons dit aan Hom gewy het en gebruik vir samekomste in Sy Naam, maar Hy WOON BESLIS NIE DAAR NIE!

Laat ek weer vir jou aanhaal die toegeligte weergawe van **1 Kor. 3:16: Onderskei en verstaan julle nie dat julle die tempel (heiligedom) van God is nie, en dat die Gees van God permanent in julle woon – in julle tuis is nie (gesamentlik as die Kerk en ook in elke indiwidu)?**

Hier kom dit baie duidelik uit dat die hele Kerk nie die gebou nie – die tempel van God is. Tog weet ons dat die groep in Korinthe nie die hele liggaam van Christus was nie want alle gelowiges oral vorm saam die liggaam van Christus of die Christelike Kerk. (Vergelyk: Ek glo aan 'n Algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges, ens.)

Maar elke gelowige as 'n indiwidu is geroep om God te verheerlik in sy liggaam sowel as in sy gees. God verlang dat jy iets moet doen met jou liggaam. Onder die Ou Verbond was die tempel die huis van God en jy onthou sekerlik hoe hulle net die beste wat hulle gehad het destyds gegee het vir de oprigting van die tempel. Die mees bekwame ambagslui moes daaraan werk – dit was pragtig versier.

As ons dan besef dat ons liggaam nou die tempel van die Heilige Gees van God is sal ons sekerlik baie beter aandag en sorg daarvan gee. As jou woonhuis nie mooi vertoon nie, dan verander en vervang en bou en verf jy totdat dit netjies en aantreklik is – wat van God se Huis: JOU LIGGAAM? Versorg jy dit met gesonde kos en gewoontes, genoeg slaap, en oefening, reiniging en netjie? Onthou, God het die natuurwette geskep en ons moet hulle na kom om gesond te wees. Bv. 'n mens kan sy graf grawe met sy tande deur vraatsugtigheid, of sy liggaam verwoes deur drank of rook en God sal nie hulp verleen nie want so 'n persoon gaan direk teen die natuurwette in wat God daar gestel het.

Mag God ons almal inspireer om nuwe waarde te heg aan Sy Tempel, ONS LIGGAAM, en ook te weet dat geen situasie vir jou te groot sal wees om te hanteer nie want die EEN WAT GROTER IS, woon in jou.

Baie, baie dankie vir julle liefde en julle kosbare ondersteuing, en wees verseker van ons voorbidding en ons waardeering.

Ons Koning Jesus kom.....Hallelujah!

Liefde groete

*Dr James*

# Ons God van wonderwerke……Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Liewe Dokter James, Meg en span, ons is so dankbaar dat jul altyd bereid is om te reageer op dit waartoe jul geroep is en ons bid altyd dat by Stanger en vandaar wonders sal plaasvind. Baie dankie vir die twee boekies wat ons ontvang het t.o.v. die Heilige Gees. Nou moet ek egter vir u sê dat nadat ek daarmee klaar was, ek vir drie tot vier dae 'n geweldige pyn regs op my kop teenoor die oor ervaar het. Ek was vas oortuig dat dit moontlik 'n bloedklont kon wees en gewaak teen onnodige buk. Terwyl daar by my gras gesny was, het die persoon in beheer by ons kom sit en saam tee genuttig. Ons het oor die Ewige dinge begin gesêls; oor die groot doop wat Dot en ek saam met die kinders jare terug ondergaan het en ek kon ook getuig van die wonders wat die Here so dikwels in ons lewe laat gebeur het. Weet u, toe die man weg is (met die boekies) kom ek agter dat die pyn op my kop verdwyn het en is nog steeds weg. Vandag waar ons weer Nagmaal gebruik het, dank ek Vader God vir sy groot liefde en glo dat ek binne kort weer normaal sal kan loop sonder enige pyn.

Ons is opreg bly dat daar soveel gebede vanuit die Sentrum na Bo gaan en vir getuienisse dat daar verhoring was.

Baie liefde aan almal daar !!

**Cas en Dot.**

Liewe Dr James en span,

Baie dankie vir julle gebede. Ons Here leef!! Ek het aan u 'n brief gerig van my kwale. Nou het ek geen pyn meer in my kniee nie en die sinusitus is al baie beter, verder met my gesondheid gaan dit goed. Ek het ook nie meer hartversaking probleme nie, en is glad nie meer moeg en uitgeput nie. Baie dankie vir die gebede, eer enn dank aan Jesus. Voordat ek aan u geskryf het, het hier 'n Groot wonderwerk gebeur: Ek bly by my dogter Lettie Fouche. Sy het aanvalle soos epileptiese gekry vanaf hoor 15de verjaarsdag tot nou. Prys die Here! Hy het ons geroep as pastoor paar in 1976 – en vanaf 1968 het sy begin met aanvalle. Ons was verplig om haar uit die skool te neem in std 7 daardie tyd. Ons moes haar na die volgende neem: 1. Sielkundige, 2. Psigiaters en hulle kon nie vasstel wat se aanvalle sy kry nie. Terwyl ons 'n gemeente bedien het te Robertson. Het sy kwaai aanvalle gekry. Ons neem haar toe na Tygerberg hospitaal, sy was vir 2 weke daar , 7 dokters om haar bed, maar sy het toe nie een aanval gekry nie. Hulle kon ook nie vasstel wat haart mkeer nie. Maar daar was baie vir haar gebid. Todat iemand ons refreer na ds. Oosthuizen, NG Kerk wat die gawe ontvanf het, om vir sulkes te Bid en die magte van die Bose uitdryf en van toe af het die aanvalle verminder tot November 2013. My dank en blydskap aan ons Heer vir die genesing wat sy ontvang het.

Nogmaals biae dankie vir julle gebedes, God se seën bid ek julle toe. Baie dankie ook vir die blaatjie van Geloof in u Woord elke maand.

Liefdegroete

**Mev S Fasen, Randfontein**

Ons sê dankie vir julle gebede vir my suster wat kolon kanker gehad het. Sy was baie siek, maar die Here het haar genees!!Ons dien 'n groot en almagtige Hemelse Vader!!. Baie dankie! Liefdegroete.

Mev B Viljoen, Durban

Baie dankie Dr James vir al julle gebede wat julle vir my gebid het. Die Here het my volkome genees!! Ek het verskriklike hoofpyne gekry, en ek is nou verlos van al die pyn!! Julle gebede is kragtig en ek waardeer dit baie!! Liefde geroete

**Mev M Herholdt, Krugersdorp**

Liewe Dr van Zyl,

Ek het 'n paar dae gelede gebed gevra vir 'n jong vrou wat in n baie groot motorongeluk was verlede jaar in Desember. Haar bo-been is gebreek en die dokters het bevind dit groei nie aan nie en sy moes verlede week weer teruggaan na die teater.

Ek het gevoel om haar te vra dat sy die man wat deur nalatige bestuur verantwoordelik was vir die ongeluk te vergewe ( haar dogtertjie het 3 breuke opgedoen en haar skoonmoeder is oorlede in die ongeluk). Sy het ingestem en daarna het dit gevoel of 'n swaar las van haar skouers af is en dieselfde tyd het u vir haar gebid.

Die Here is so getrou -waar die been glad nie wou aangroei, ten spyte van die skroewe nie het hulle in die teater uitgevind dat dit nou besig is om aantegroei. Dis net 'n wonderwerk en ons gee Hom al die eer daarvoor!

Baie dankie dat u altyd bereid is omte bid vir almal!

Baie groete,

**Sarah**

Ek het geskakel want daar was 'n ontsettende pyn op my lewer. Dr James u en u span het vir my gebid en die pyn was onmiddellik weg en opvolg lewer toetse het getoon dat alles nou normaal is! Dankie vir gebede en ek loof Koning Jesus!

**Mnr T Kruger, Stellenbosch**

Dankie dokter en die span vir julle gebede. Die Here het my volkome genees van asma!! Ek dien 'n groot en liefdevolle Hemelse Vader!! Ek kan die Here nie genoeg dank nie!! Loof Sy grote Naam!!

Liefdegroete

**Mev Susan Bulwer, Sandton**